

W.1 DRYWENDE FONTEINKRUID/ FLOATING PONDWEED

(*Potamogeton thunbergii* Cham. & Schlechtd.)

Familie: Potamogetonaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Drywende fonteinkruid is 'n gewortelde, meerjarige kruid, gewoonlik met onvertakte stingels tot ongeveer 1 m lank. Beide drywende en onderwaterblare met kenmerkende stele kan teenwoordig wees. Die blare is smal tot breed spiesvormig en varieer van 50 tot 200 mm in lengte. Die drywende blare is donkergroen, blink en leeragtig. 'n Vliesagtige skede word by die basis van al die blare gevind. Baie, klein groen blommetjies, saamgedronge in are wat bokant die wateroppervlak uitsteek, kom voor. Die ronde vrugte is ongeveer 4 mm lank en bevat slegs een saad.

Verwante spesies

Drywende fonteinkruid kan van die twee ander Suid-Afrikaanse *Potamogeton*-spesies met blare wat breër as 4 mm is, onderskei word deurdat al die volwasse, drywende blare opvallende stele het.

Verspreiding

Drywende fonteinkruid word in Suidwes-Afrika/Namibië, Botswana, Transvaal, Vrystaat, Lesotho, Natal en die Oos-Kaap aangetref. Dit kom algemeen in Transvaal voor asook verder noord in Malawi en in die tropiese dele van Oos-Afrika.

Ekologie


Dit groei in modderbanke en in stilstande tot stadig vloeiende water.


Belangrikheid

Hierdie plant kan veral in klein dammetjies lastig word.

Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van drywende fonteinkruid nie.





Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van die Griekse woorde *potamos* = rivier, en *geiton* = buurman afgelei; *thunbergii* - Thunberg was 'n bekende Sweedse plantversamelaar wat Suid-Afrika teen die einde van die 18de eeu besoek het.

Spesienommer: 0058.000-00600

Literatuurverwysings

- MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species*. The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.
- OBERMEYER, A.A., 1966. Potamogetonaceae, in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.
- SCULTHORPE, C.D., 1967. *The biology of aquatic vascular plants*. London: Edward Arnold.